**10 Maart** **Skrifgedeelte: Johannes 13:1-17**
**Fokusgedeelte: Johannes 13:10a**

1.2 HK, VRAAG 69

## Skoon mense

Terwyl nie een van die dissipels bereid was om die skottel te vat om die stowwerige voete te was nie, was Jesus bereid om dit te doen. Petrus was ontsteld dat Jesus sy voete wou was. Natuurlik het hy sy eie onwaardigheid besef, maar Jesus wou aan hulle ’n voorbeeld van nederigheid stel. Daarsonder kan ’n mens nie die koninkryk van God beërwe nie. Daar is selfs nog meer, want hierdie selfvernedering was maar ’n flou voorspel tot wat die volgende aantal ure sou gebeur. Jesus het sy lewe afgelê vir almal wat in Hom glo. Daarmee het Hy ons geestelik gebad en gereinig van al ons sondes. Wat Jesus se dood vir ons beteken, stel Hy in eenvoudige beeldspraak aan Petrus (Joh 13:10a).

Die vernedering van Jesus Christus was onbegryplik diep. Dink ’n bietjie: God word gebore as ’n mens. Sy ganse lewe op aarde was een groot stuk lyde. Uiteindelik is Hy verwerp deur sy eie skepsels (Kol 1:16) en sterf Hy ’n grusame dood op Golgota Waarvoor? Dit raak die diepste wese van ons bestaan. Ons is sondige mense (Rom 3:9-19). Deur sy vernedering tot in die dood het Hy ons verlos van die worteloorsaak van alle ellende, naamlik ons vernietigende sondeskuld.

Dit bly die pragtige simboliek van die water van die doop: Ons, sondige mense, vuil en besoedel, is skoon gewas deur die lyde en sterwe van ons Here Jesus Christus. Kan ons ooit genoeg dankbaar wees? Prys die Here met jou hele lewe daarvoor!

*Ds. APC Duvenage (Emeritus)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~